VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

24 April	**Johan Kruger,** Wyk 3
	Lappies Labuschagne. Wyk 14
	Anina Berg,. Wyk 2
26 April	**Magda Viljoen,** Wyk 6
28 April	**Gene Putter,** Wyk 15
29 April	**Ian Bartlett,** Wyk 19
	Nelis Coetsee Wyk 1
	Estaleen Walkinshaw. W1

Hamburgerbraai en wit olifantverkoping

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGMIDDAG
29 April 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 16:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5. Worsbroodjies R 25**

Wit olifantverkoping vanaf 16:00

As jy **enige bruikbare** artikel nie meer wil hê nie of dit lê in jou pad, dan is die **wit olifanttafel by ons 29 April-verkoping** net die plek waar ons dit kan verkoop aan iemand wat dit nog kan gebruik. Ons dink veral aan ouer lidmate wat wil opruim by hulle huise omdat daar na baie jare se opgaar nie meer plek vir alles is nie – **bring daardie artikels vir die wit olifanttafel!**

Artikels kan by die koster, Pieter Bouwsema by die kantoor afgegee word of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 13 Sondag 24 April 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 19 **Koos Theron** en wyk 20 **Klaas Wyma.** Diaken: Wyk 19 en Wyk 20 **André Joubert.**
Teebeurt: Susters van wyke 15 en 16, Wymie du Plessis en Cornelia Chambers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: 1 Petrus 1:1 - 25 (AFR'20).
Fokusvers: 1 Petrus 1:17 - 21.
TEMA: ***"Die Paasfeesgebeure maak van jou 'n hoopvolle, gelowige kind van God wat in eerbied vir Hom lewe."***
Sang voor die erediens: Psalm 24: 1, 2.
Sang tydens die erediens: Psalm 98: 1, 2; Psalm 19: 6, 7; Skrifberyming 24: 3 (Tema1 - 1); Skrifberyming 8: 1, 2 (Tema 5 - 3).

AAND Woordbediening: Efesiërs 4: 17 - 5: 20 (AFR'20).
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29b.
TEMA: ***"Die ware lidmate van die kerk is sondaars wat verlos is deur Christus en groei in heiligmaking."***
Sang voor die erediens: Skrifberyming 18:5, 6, 7, 8 (Tema17 – 2) (melodie Psalm 134).
Sang tydens die erediens: Psalm 103: 1, 2; Psalm 86: 3, 6; Skrifberyming 10-2 (Tema 28B).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***GKSA Sustentasiefonds*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED EN BETERSKAP



Ons is saam met **Elsie Buys** en Peet Buys dankbaar dat die doktersafspraak wat Elsie Dinsdag ondergaan het, gunstig verloop het. Haar suurstof en kortisoon is verhoog in die hoop dat haar toestand sal verbeter. Elsie betuig haar opregte dank vir die gemeente se voorbidding.

May Vorster het die afgelope week neuroliese in die Anncron hospitaal ontvang. Daarmee is die senuwees wat die pynimpulse gelei, in geheel vernietig. Ons verseker May en André van ons volgehoue voorbidding vir hulle. Mag ons Vader u in sy liefde en ontferming dra.

Pieter Hugo het die afgelope week ondersoeke ondergaan en ’n knie-vervangingsoperasie moet DV op 9 Mei uitgevoer word. Ons verseker Pieter en Alta van ons voorbidding vir hulle.

Flippie Opperman het ook die afgelope week onder-soeke in Pretoria ondergaan met die oog op operasies aan sy knieë. Die bevindinge van die dokter was nie gunstig vir Flippie nie, en ons verseker hom en Magda van ons voorbidding vir hulle met die uitdagings wat daar nou vir hulle voorlê.

Ons het verneem dat **Susan van der Merwe** oorlede is. Sy was lank ’n lidmaat van ons gemeente en het ’n tyd gelede saam met haar dogter, Marietjie, na Pretoria verhuis. Sy het in Maart 91 geword.

VAN ONS KERKRAAD

Belangrike datums om te onthou

Vr	29/04	16:00	Gemeente-aand, Hamburgerbraai en WIT OLIFANTVERKOPING	Kerkterrein
So	8/05	09:30	Sakrament van die doop: ***Hailey Baptista***	
So	8/05	19:00	Ouderlinge: vergadering Diakonie: vergadering	Ou Kerkie Konsistorie
So	15/05	19:00	Ouderlinge- en diakonievergadering	Ou Kerkie

Katkisasie

	Sondag 24 April	Sondag 8 Mei
Lesrooster: **Psalmvers:**	Les 9 Psalm 38:1 (geheel)	Les 10 Psalm 8:1
Katkisasie toesig:	Wyk 19 – Graad 0 Wyk 20 – Graad 1 & 2	Wyk 1: Graad 3 & 4 Wyk 2: Graad 5 & 6

Di	26/04	16:15	Hoërskoolkatkisasie	Les 21

Dagboek

Di	26/04		Huisbesoek	Volgens afsprake
	26/04	15:00	Bybelstudie in die rooi sitkamer	Huis Eikelaan
		16:15	Katkisasie	Ou Kerkie
Wo	27/04		Vryheidsdag	
Do	28/04		Huisbesoek	Volgens afsprake
Vr	29/04	16:00	**Gemeente-aand, Hamburgerbraai en Wit Olifantverkoping**	Kerkterrein
So	1/05		Erediens, geen katkisasie a.g.v lang naweek	

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

WIT OLIFANTVERKOPING

Die bestuur van die Susters beplan om op **Vrydag 29 April 2022** vanaf 16:00 ’n **wit olifantverkoping** te hou. Dit val saam met die **Diakonie se Hamburger-verkoping en Gemeente-aand**. Lidmate wat artikels het wat nie meer benodig word nie kan dit eerskomende Donderdag 28 April na die kerksaal bring. Skakel met ons koster oor ’n geskikte tyd.

Let wel goedere wat nie Vrydagmiddag verkoop word nie moet asseblief deur die skenker teruggeneem word en kan dalk by ’n volgende geleentheid weer te koop aangebied word. Die Susters het nie stoorruimte daarvoor nie.

Ons vra lidmate se vriendelike aandag vir hierdie saak.

Die tesourier van die Susters sal later ’n verslag opstel met besonderhede van finansiële skenkings wat deur die Susters aan verskillende instansies gemaak is.

Vir enige navrae in verband met die **wit olifantverkoping** skakel met Sonja Venter